

# Skoolreëls Babas en Peuters



021-872 8935  
[info@tjokkerland.co.za](mailto:info@tjokkerland.co.za)  
Rosestraat 22A, Paarl, 7646

## Beste ouers

Baie welkom by Tjokkerland! Ons is altyd baie opgewonde oor nuwe maats by die skool en ons is seker julle gaan baie gelukkig wees hier by ons. Ons sien uit daarna om 'n belangrike deel van julle lewens te wees. Om dinge vir ons almal te vergemaklik, wil ons net die volgende algemene reëls onder u aandag bring.

## Finansies

U is vir die volle 12 maande van die jaar verantwoordelik vir u baba / peuter se skoolfooie. **Foie is vooruitbetaalbaar voor of op die 7de van elke maand.**

Skoolfooie kan kontant by Gerda betaal word of direk via EFT in die skool se FNB Bank rekening on betaal word.

Bankbesonderhede vir **inbetalings**:

Rekeninghouer:	Tjokkerland Kleuterskool Paarl
Bank:	FNB
Rek.no:	625 737 258 20

Ons vra asseblief dat u alle kontant en tjeks direk aan die bestuurderes sal betaal, dit is nie die klasonderwyseres se taak om gelde in te samel nie. Dit vergemaklik die hele proses en vermy enige misverstande. Dankie vir u samewerking!

## Skoolfooie vir Januarie – Desember 2019

### REKENINGE IS STRENG VOORUITBETAALBAAR

Registrasiefooi – R100

Voldag vir 1 kleuter – R1 800 x12

Halfdag vir 1 kleuter – R1 500 x12

Voldag vir meer as een kleuter – R1800 vir die eerste kind, daarna R1 600 per kleuter x12

Halfdag vir meer as een kleuter – R1 500 vir die eerste kind, daarna R1 400 per kleuter x12

**Dagsorg:** R100-00 per dag.

Agv van hoë koste van instandhouding is ons genoodsaak om 'n jaarlikse huur vir matrasse en toerusting te hef. Die bedrag beloop **R120** per kind of **R200** per gesin indien 2 of meer kinders in die gesin per jaar. Hierdie bedrag kan in 3 paaie afbetaal word. *Dit sal by u Januarie staat ingereken word.*

Indien u enige probleme het met die betaling van u skoolfooie, kom gesels gerus.

Elke Vrydag word u kleuter se boodskapboek huis toe gestuur met belangrike boodskappe en die week se werkies. Teken dit en stuur Maandagoggend terug. Alle kwitansies en state sal d.m.v. die boodskapboek aan u gestuur word.

## **Kennismaand**

Indien u kleuter(s) die Kleuterskool gaan verlaat, is een kalendermaand se skriftelike kennis 'n vereiste.

### **Tye**

Voldag: 06:45 in die oggend tot 17:30 in die aand.

Halfdag: 06:45 in die oggend tot 12:00 in die middag.

Onthou ook dat daar boetes gegee word vir ouers wat hul kleuters na 17:30 kom haal, sonder om vooraf met die personeel te reël. R10 vir elke 5 minute laat! Hierdie boete is nie later as die volgende dag betaalbaar nie.

### **Wat moet ek elke dag inpak:**

1. Minstens een ekstra stel skoon klere is noodsaaklik.
2. 3 borslappe
3. 'n Sagte haarborsel
4. 'n Waslappie vir die gesig, sowel as 'n lappie of wet-wipes vir die boudjies.
5. 6 weggooidoeke, sowel as enige salf of poeier wat ons op die boudjies moet gebruik.
6. Totdat u baba oud genoeg is om etes saam met die res van die skool te geniet, moet u al u baba se kos en bottels self saamstuur. Stuur asb 'n ekstra bottel vir koeldrank, water of tee saam. Wanneer baba oud genoeg is kan u ook 'n versnapering inpak.
7. Kombers
8. Indien u wil, kan u baba ook 'n speelding van sy eie saambring.
9. Koorsstroop
10. Medisyne vir die tande, bv. t-jel / prodol / vidol
11. Boks snesies

Onthou asb om al u baba se besittings duidelik te merk!!

### **Sakke**

Sakke moet groot genoeg wees sodat al u kind se besittings met gemak daarin sal pas.

Tjokkerland-tasse is wel te koop in die kantoor teen 'n minimale bedrag.

### **Tjokker-hemde**

Tjokkerland hempies is ook te koop in die kantoor. Hierdie hempies word Maandae en vir spesiale geleenthede aangetrek. (Op kleuters van toepassing)

### **Siektes / Medisyne**

1. Moet asseblief nie u kleuter skool toe stuur met enige aansteeklike siektes nie.
2. Laat weet indien u kind nie skool toe kom nie.
3. Meld asb duidelik in u kind se boodskapboek indien hy / sy medikasie moet ontvang.

### **Algemeen**

Baie dankie vir al die hulp en ondersteuning wat ons van al ons ouers ontvang, dit word opreg waardeer! Indien u nog enige vrae het, kontak ons asseblief so gou as moontlik.

Groete,  
Tjokkerland Personeel